

## **Ons het 'n groot Hoëpriester (OP86)**

**Heb 4:14-16**

**24 April 2022**

In ons bestudering van Heb 3 en 4 het ons tot dusver gesien dat die skrywer onder leiding van die Heilige Gees 4 dringende oproepe gerig het: (1) Let noukeurig op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely (Heb 3:1), (2) Julle moet mekaar elke dag aanspoor solank daar nog 'n vandag is sodat niemand se harte verhard en hy nie in God se rus ingaan nie (Heb 3:13), (3) Vrees dat een van julle nie agterbly en nie in God se rus ingaan nie (Heb 4:1), en (4) Beywer julle om in God se rus in te gaan (Heb 4:11). Uit die gedeelte was dit ook herhaaldelik duidelik dit is alleen die wat glo en wat end-uit volhard in die geloof wat wel die rus sal ingaan: (1) In Heb 3:6 lees ons dat ons moet vashou aan ons oortuiging en die hoop, (2) In Heb 3:14 het ons geleer dit is die wat end-uit volhard in hulle vertrouwe wat deelgenote van Christus bly, en (3) vandag kom ons by Heb 4:14 waar ons leer ons moet vashou aan die geloof wat ons bely. Laasweek het ons uit Heb 4:11-13 gesien hierdie dringende oproepe word gerig omdat God gaan oordeel – en in Sy oordeel sal dit duidelik word wie in die rus sal ingaan en wie nie. Ons het ook gesien ons weet wat die maatstaf is wat God in Sy oordeel gaan gebruik – dit is Sy Woord. Genadiglik het ons nou alreeds die Woord, voor die oordeel, en ons kan dit bestudeer om te verstaan wat dit is waarin God behae het. Boonop is hierdie Woord skerper as 'n swaard met twee snykante – dit kan gevolglik onderskei of my lewe beheer word deur my gees in diens van God, of deur my siel en emosies. Dit kan selfs die bedoelings van my hart blootlê. Verder is die Woord ook lewend en kragtig – dit kan nie net my tekortkominge uitwys nie, dit is ook die instrument wat die Heilige Gees gebruik om geestelike lewe in my te wek en my geestelik te voed. Heb 3:1-4:13 was 'n meer gedetailleerde beskrywing van die feit dat die Seun die Apostel of Profeet van ons geloof is (Heb 3:1).

Kan ek dit alles opsom: Daar is 'n dringende oproep in die gedeelte dat ons moet seker maak ons gaan wel in die rus in. Dit is net die wat end-uit volhard in die geloof wat wel die rus sal ingaan. Sover het ons gesien hulle het 'n belangrike genademiddel wat die Here vir hulle gegee het wat hulle kan gebruik om seker te maak hulle gaan in die rus in – dit is Sy Woord, wat lewend en kragtig is, en fyn onderskeid kan maak om vas te stel of daar lewe is.

Nou kom ons by Heb 4:14-16. In hierdie gedeelte gaan ons van nog 'n genademiddel leer wat ons moet gebruik – en ek hoop dat die genademiddel duidelik sal word soos ons deur die gedeelte werk. Wat ook waar is, is dat die fokus nou verskuif van Jesus as die Apostel van ons geloof, na Jesus as die Hoëpriester van ons geloof. Die Hebreërskrywer het baie om te sê oor Jesus as Hoëpriester – dit strek ten minste tot Heb 10. Hierdie is 'n groot saak, wat ons deeglik moet verstaan. Uit die aard van die saak gaan ons vandag hoogstens inleidend kyk na die Seun as Hoëpriester.

Die vraag van sy lesers wat die skrywer nou adresseer is die volgende: Goed, ons verstaan: die belofte van rus is steeds geldig. Ons verstaan ook dat nie almal daar sal ingaan nie – net die wat end-uit volhard in die geloof. Ons verstaan ook ons het die Woord wat vir ons kan uitwys waar ons te kort skiet, en wat ook selfs geestelike lewe in ons kan wek en dit voed sodat ons groei. Maar nou: Watter hoop het ons dat ons wel in die rus sal ingaan? Watter hoop het ons dat ons end-uit sal volhard in die geloof?

Die Seun as die groot Hoëpriester (Heb 4:14)

Dit is op hierdie punt dat die skrywer die fokus skuif vanaf Jesus as die Apostel, m.a.w. as die Een wat die Vader aan ons kom bekend maak, insluitend die einddoel van die Vader dat baie in Sy rus moet ingaan, na Jesus as die Hoëpriester.

In die Ou Testament was die hoëpriester die tussenganger tussen God en die volk. Dit was die hoëpriester wat versoening moes doen vir die sondes van die volk. As ons lees dat Jesus ook Hoëpriester is, verwys dit natuurlik na die feit dat Hy die Een is wat versoening doen vir die sondes van die wat in Hom glo. Natuurlik is dit so dat sonde die gevolg is van ons harde harte – dit is die teenwoordigheid van sonde wat tot gevolg sal hê dat ons nie in die rus ingaan nie. As ons dus wil besin oor watter hoop ons het om wel in die rus in te gaan, sal ons moet gaan dink oor Jesus as Hoëpriester.

Onthou nou dat die Hebreërgelowiges druk ervaar het van die Jode dat hulle hulle Christelik geloof moet prysgee. Een van die argumente van die Jode was waarskynlik dat, volgens hulle, die Christene nie meer die rol van die Joodse hoëpriester waardig geag het nie. En wat die skrywer uitwys is die rede hiervoor is omdat die Christene 'n baie beter Hoëpriester het as die Jode – dit word oor die volgende paar hoofstukke in detail uitgewerk.

Die skrywer het ook al 'n paar keer vantevore in Hebreërs verwys na die Seun as Hoëpriester: (1) Heb 1:3 het al verwys na die feit dat die Seun reiniging van sondes bewerkstellig het, en daarna gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel, (2) Heb 2:17 het verwys na die feit dat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kan wees omdat Hy in elke opsig aan Sy broers gelyk geword het, en (3) Heb 3:1 wat sê dat Hy die Hoëpriester is van ons geloof.

Kan ek jou ook daaraan herinner dat toe ons na Heb 2 se laaste gedeelte gekyk het, het ons spesifiek opgelet hoe die Seun een is met die wat in Hom glo: Ons het geleer dat die Seun en die gelowiges een is deurdat Hy hulle heiligmaak soos wat Hy heilig is, ons het geleer die Seun en die gelowiges is broers – hulle is een familie, hulle is een in aanbidding van God, hulle is een in hulle vertrouwe op die Here, hulle is een in aard omdat die Seun ook 'n mens van vlees en bloed was soos hulle, hulle is een want hulle ervaar soortgelyke versoeking. Terselfdertyd is die Seun egter die Een wat die leiding neem: Hy is hulle Leidsman of Pionier. Ons kom later terug hierna.

In Heb 4:14 word die Seun as Hoëpriester beskryf met 4 terme:

- Hy word beskryf as die “groot” Hoëpriester. In die Ou Testament was die bekendste hoëpriester natuurlik Aäron, soortgelyk aan Moses wat destyds die groot profeet was. Maar die skrywer het alreeds vir ons gewys dat die Seun as Profeet/Apostel heerliker is as Moses. Netso gaan die skrywer nog vir ons wys dat die Seun as Hoëpriester heerliker is as Aäron. Trouens, Die Seun is heerliker as enige van die Ou Testamentiese hoëpriesters – en daarom noem die skrywer Hom hier “die groot Hoëpriester”.
- Hy word beskryf as “Jesus”. Jesus is natuurlik die naam wat die Seun ontvang het toe Hy as mens gebore is. In Mat 1:21 lees ons dat die engel vir Josef gesê het dat hy die Seun wat gebore sou word, Jesus moes noem. Die naam “Jesus” beteken natuurlik Saligmaker of Verlosser. Maar die punt om raak te sien is dat die naam “Jesus” verwys na Sy mensheid. Hierdie Hoëpriester het mens geword.
- Hy word ook beskryf as “die Seun van God”. Natuurlik is Hy nie net mens nie, Hy is ook God. Hy was nog altyd God – Hy was selfs in die begin al God. Trouens, Heb 1:3 het vir ons beskryf uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.
- Hy word ook beskryf as die Een wat deur die hemele gegaan het. Om die uitdrukking te verstaan, moet ons onthou dat daar destyds onderskeid gemaak is tussen die aarde waar

ons woon, bo die aarde is die hemelruim waar die son, maan en sterre is, en daarbo is die hemel waar God woon. As ons dus hier lees dat die Seun as Hoëpriester deur die hemele gegaan het, word bedoel dat Hy opgevaar het deur die hemelruim waar die son, maan en sterre is tot Hy in die hemel gekom het waar God woon – waar Hy aan die regterhand van die Vader sit (Heb 1:3).

Wat is die punt van die skrywer: Jesus is die groot Hoëpriester: Hy was nie maar net mens soos Aäron nie – nee, Hy was God én mens, en dus is Hy die perfekte tussenganger tussen God en die mens. Hy het nie net in die Allerheiligste ingegaan soos Aäron nie – nee, Hy het deur die hemele gegaan tot in die hemel by God. Hy is werklik die groot Hoëpriester.

Kom ons gaan terug na die vraag wat die skrywer adresseer: Watter hoop het ons dat ons wel in die rus sal ingaan? En die antwoord is: Ons het 'n Hoëpriester. Hierdie Hoëpriester het versoening gedoen vir al ons sondes – dus vir alles wat ons uit die rus sou kon hou. Hierdie Hoëpriester is 'n groot Hoëpriester: Hy is God en mens, en is dus die perfekte tussenganger tussen God en die gelowiges. Hy het reeds die versoening bewerk, en a.g.v. Sy versoening het Hy reeds in die hemel ingegaan. En vers 14 se argument is nou: Wil julle 'n seker hoop hê dat julle in die rus sal ingaan? Wel, hou dan vas aan julle geloof. Wat is dit waaraan ons moet vashou in die geloof? Lees Rom 3:21-26. Wat ons moet glo is dat ons nood het aan geregtigheid of vryspraak voor God a.g.v. ons sonde. Ons moet glo ons kan nie self hierdie nood aanspreek nie. Ons moet glo dat die Seun deur Sy werk as die groot Hoëpriester hierdie geregtigheid of vryspraak vir ons bewerk het. As ons dit werklik glo, kan ons oortuig wees ons sal die rus ingaan.

#### Die simpatieke Hoëpriester (Heb 4:15)

In vers 15 voorsien die skrywer 'n verdere bekommernis van sy lesers: Goed, ons verstaan Hy is die gróót Hoëpriester, Hy is mens en God, as mens is Hy heilig, as God is Hy ver verheve bo ons. Boon verstaan ons Hy is in die hemel. Maar vergelyk dit nou met ons: Ons is sondige mense. Ons is op die aarde. Ja, ons verstaan Hy is die groot Hoëpriester, maar is Hy nie dalk te groot, te heerlik vir sondaarmense soos ons nie? Sal Hy Hom werklik oor ons ontferm?

Die eerste deel van die antwoord op hierdie bekommernis is al in vers 14: Hy het reeds in die hemel ingegaan, want Hy het reeds Sy Hoëpriesterlike offer gebring. Dit was 'n eenmalige maar voldoende offer. Omdat Sy offer voldoende was, kon Hy deur die hemele gaan. Vers 15 kom en voeg redes by waarom Hy ook nie nou dat Hy reeds in die hemel is, ons sal vergeet nie:

- Die eerste rede is omdat Hy medelye het met ons swakhede. Sien, enersyds is Hy die Skepper van alle mense – dus weet Hy presies wat die behoeftes van ons as mense is, en ook wat ons beperkings is. Maar Hy weet dit ook uit persoonlike ervaring. Hy het mens geword netsoos ons, en het hier kom woon in hierdie selfde bese wêreld waarin ons leef.
- Die tweede rede is omdat Hy tydens Sy lewe as mens hier op aarde ook onderwerp was aan dieselfde versoeking waaraan ons onderwerp word. As ons hier lees van “versoeking” moet ons daaronder verstaan wat Jak 1 “toetse” noem. 'n Toets kan 'n positiewe of 'n negatiewe uitwerking hê, afhangend van hoe die persoon wat getoets word, reageer op die toets. Daar is geen twyfel of die Seun getoets was tydens Sy lewe hier op aarde nie: In Mat 4 lees ons van hoe die duiwel Hom versoek het. Kort voor Sy dood lees ons van Sy worsteling in Getsemane om voort te gaan met Sy versoeningswerk – dit was 'n toets waarmee Hy geworstel het, so veel so dat Sy sweet selfs soos bloed geword het. As jy daaraan dink hoe swaar dit vir ons as gelowiges is om in hierdie wêreld te leef, kan jy jou indink hoe dit vir Hom moes wees wat perfek heilig was?

Die verstommende is egter dat Hy nooit tydens hierdie toetse gesondig het nie – so anders as ons. Dink aan wat Jak 1 ons leer oor hoe sondes gebeur: Dit begin deur begeertes in die hart. As die begeertes bevrug geword het, gaan dit oor in die daad van sonde, en die sonde lei dan tot die dood. Maar die Seun het nooit toegegee aan daardie begeerte om te sondig nie. In Mat 4 het die duiwel die een begeerlike ding na die ander voor Hom gelê, maar Hy het nooit toegegee aan daardie begeerlikhede nie.

Die punt is dus: Hy ken ons as mense se swakhede, want Hy was ook 'n mens. Hy ken ook die begeerlikhede wat gepaardgaan met die toetse of versoeking wat ons ervaar, want Hy het dit ook ervaar. Genadiglik het Hy nooit toegee daaraan nie. Maar Hy het medelye met ons. Dit is hier wat ons moet onthou wat ons in Heb 2 geleer het: Dat Hy en die wat in Hom glo een is. En ook dat Hy hulle Leidsman is tot die verlossing. As ons een is met Hom, beteken dit dat wanneer ons ly, ly Hy ook. Dus gaan ons leiding in versoeking nie ongemerk by Hom verby nie – nee Hy het medelye met ons. Maar Hy het nie net medelye nie – Hy is die Hoëpriester met medelye. Hy het juis gekom om as Hoëpriester versoening te doen vir elke keer wat ons toegegee het aan die begeertes in die versoeking. Omdat Hy een is met die wat in Hom glo, is Sy werk as Hoëpriester effektief vir hulle elkeen, en Hy is hulle Leidsman wat die pad vir hulle oopgemaak het tot in die hemel – tot in die rus! Dit is ondenkbaar dat Hy nou in die hemel te verhewe sou wees om om te sien na diegene met wie Hy medelye het en vir wie Hy alreeds versoening bewerk het!

#### Gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon (Heb 4:16)

Heb 4:16 adresseer nog 'n moontlike bekommernis van die lesers: Goed, ons verstaan ons kan oortuig wees van God se rus as ons ons vertrou stel in die groot Hoëpriester, wat mens en God is, en wat reeds in die hemel ingegaan het omdat Hy Sy verlossingswerk hier op aarde voltooi het. Ons verstaan ook dat Hy nie te verhewe is of te ver is nie, want Hy is een met ons en Hy is ons Leidsman wat medelye het met ons swakhede en versoeking omdat Hy dit self beleef het. Maar hoe kry ons toegang tot Hom om ons te help? Immers, Hy sit op die troon in die hemel aan God se regterhand – en ons is hier op aarde.

Vers 16 verduidelik ons het toegang tot Hom deurdat ons maar net na Sy genadetroon toe moet gaan. Soos wat die skrywer ons alreeds geleer het, het Jesus met Sy hemelvaart deur die hemel gegaan en gaan sit aan die regterhand van God (Heb 1:3). Daar sit Hy saam met God op die troon (Op 3:21 – brief aan Laodisea). In Op 4 en 5 vind ons 'n gedetailleerde beskrywing van God se troon: God sit op die troon, die Seun is in die middel van die troon en die Heilige Gees is vlak voor die troon. Daar is weerligstrale, dreunings en donderslae wat van God se troon afkom, om die troon is daar 'n reënboog, die vier lewende wesens, die 24 ouderlinge en die miljoen der miljoene engele. Dit is indrukwekkend, dit is majestueus. In Dan 7:9-10 kry ons nog 'n beskrywing van God se troon – en dan wel in 'n beskrywing van die oordeelsdag. Daar lees ons dat die troon van vuurvlamme was met wiele van vuur, en dat vuur uit die troon gevloei het. Hierdie beskrywing is vreesaanjaend. Maar dit is nie die visioen wat ons nou in gedagte moet hê nie.

Nee, ons moet eerder daardie Op 4 en 5 troon in gedagte hê. En dan ook spesifiek dat ons simpatieke Hoëpriester die Lam is wat in die middel van die troon staan. Ons moet raaksien dat Hy juis in daardie visioen beskryf word as die Een wat waardig is om die boekrol uit die hand van die Vader te mag ontvang en die seëls daarvan oop te mag maak. Ons moet onthou dit beteken dat Hy dus die Een is wat in beheer is van wat in die wêreld gebeur – soos wat Heb 1:3 gesê het: Hy is die Een wat deur Sy magswoord alle dinge in stand hou. Sien jy dit: Hy is in beheer van alles – en Hy het medelye met die wat in Hom glo. Vers 16 noem dit met reg 'n genadetroon! Ons Hoëpriester het alle

mag – Hy dus is op die troon. Ons Hoëpriester het medelye met ons – Hy is ons genadig. Dus is dit 'n genadetroon.

Die oproep in vers 16 is ons moet na die genadetroon toe gaan as ons van Hom hulp wil soek sodat ons ons sal beywer om in Sy rus in te gaan. Hoe nader ons die genadetroon? Natuurlik in gebed.

Vers 16 spoor ons aan om met vrymoedigheid te kom. Om met vrymoedigheid te kom, beteken dat ons nie huiwerig moet wees nie. Dit beteken ons kan met eerlikheid en integriteit kom. Dit beteken ek hoef nie voor te gee om te wees wat ek nie is nie. Dit beteken ek kan kom met eerlikheid en openheid oor wat my nood is – dit kan wees dat ek sekere bekommernisse het, dit kan wees dat ek leiding soek oor hoe ek 'n situasie moet hanteer, dit kan wees dat ek sekere voorkeure het in 'n spesifieke situasie, dit kan wees dat ek moet bely dat ek skuldig is aan sonde, dit kan selfs wees dat ek na herhaalde male weer dieselfde sonde moet kom bely. Die aanmoediging is duidelik: Kom na die genadetroon! En kom met vrymoedigheid. Ja, dit is so Hy is hoog verhewe bo ons. Ja, dit is so Hy is heilig en ons sondig – maar, onthou Hy is ons Hoëpriester! Hy het reeds versoening vir ons bewerk. Onthou, Hy het medelye met ons – Hy weet presies wat ons swakhede is, Hy weet wat dit beteken om versoek te word, Hy het dit self belewe. Onthou, Hy is Een met ons – Hy noem ons Sy broers. Onthou, Hy het juis die pad na die hemel toe vir ons oopgemaak as ons Leidsman. Onthou, God wil juis baie tot heerlikheid lei. Daarom: Kom na die genadetroon met vrymoedigheid!

Natuurlik beteken “met vrymoedigheid” nie dat ek selfvoldaan kom nie, ook nie vrypostig, onnadenkend, ligsinnig, vermakerig, voorskriftelik of iets dergeliks nie. Ek kom met groot respek en ontsag, maar ek huiwer nie om te kom nie – want ek het 'n groot maar simpatieke Hoëpriester op die genadetroon.

En wat is dit waarvoor ons moet vra wanneer ons in gebed voor die genadetroon is? Vers 16 sê in die NAV: “sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.” Die OAV vertaal dit beter: “sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.” Enersyds vra ek vir barmhartigheid. Ek vra dat ek barmhartigheid sal ontvang vir elke keer wat ek in sonde geval het. Ek vra dat die Hoëpriester se eenmalige en effektiewe offer ook hiervoor versoening sal doen. Andersyds vra ek vir genade om ook in die toekoms op die regte tyd gehelp te word. Genade is een van God se eienskappe. Sy genade is Sy vrye, soewereine, onverdiende liefde vir sondaarmense. Wat ek dus voor vra is dat Hy in Sy liefde Hom oor my sal ontferm. Ek vra dat Hy dit op die regte tyd sal doen. Dit beteken dat ek sal moet wag tot daardie tyd wat Hy weet die regte tyd is.

Raymond Brown verwys in sy kommentaar na Forsyth wat oortuig was dat gebrek aan gebed die wortel is van sonde. Wat hy bedoel is dat as ons nie elke dag tyd spandeer aan ernstige gebed nie, sê ons daarmee ons kan die lewe op ons eie hanteer. Dit is arrogant. Selfs Jesus het gereeld gebid toe Hy hier op aarde was. As ons nie gereeld bid nie, is ons roekeloos met die sondes wat ons alreeds gedoen het, en ook rigtingloos oor ons nood. Ons word hier opgeroep tot gereelde gebed tot God wat ons verwelkom en tot ons Hoëpriester wat ons verstaan. Die genadetroon is vir die gelowige die plek van hulp.

Stuart Olyott som dit soos volg op: Ons Hoëpriester is die Seun van God – dus is sy troon 'n troon van heerlikheid. Ons Hoëpriester is egter ook mens – dus is Sy troon 'n troon van genade. Hy is vrygewig in Sy goedheid. Daarom, kom na hierdie troon toe, en hou aan om te kom. Hier sal jy barmhartigheid vind vir elke keer wat jy verkeerd opgetree het. Hier sal jy ook genade vind en bonatuurlike versterking in enige vorm van nood wat jy beleef. Kom tog net na die Hoëpriester toe en vra Hom vir hulp. In Hom is daar vergifnis, medelye en hulp. Ja, let noukeurig op Hom, bestudeer Hom, maar

moet nie vergeet om na Hom te kom nie. Doen dit oor en oor en oor. Moet nie jou swakhede vir Hom probeer wegsteek nie – Hy is gewillig om te help. Hy weet in elk geval van al jou mislukkinge in die verlede, en ook die wat jy steeds begaan. Hy weet selfs hoe dikwels jy nog gaan moet terugkom. Hy weet selfs dat jy nie eens kan bid soos jy behoort te bid nie. Hy weet dat selfs jou beste oomblikke besoedel is met sonde. Hy weet dat selfs die oomblikke van jou sterkste geloof, gemeng is met ongeloof – en tog bly die uitnodiging staan: Kom na die genadetroon. En kom vrymoedig. Barmhartigheid kan steeds verkry word. Genade is steeds beskikbaar.

### Opsomming

Let noukeurig op Jesus. Hy is die Apostel van ons geloof – en daarom het Hy aan ons kom bekend maak daar is 'n rus waar ons in kan gaan. Hierdie belofte staan steeds. Hy het ook kom bekend maak nie almal sal daar ingaan nie – net die wat end-uit volhard in die geloof. As Apostel is Hy ook die Woord van God. Hierdie Woord kan vir ons wys of ons op die regte pad is om wel die rus in te gaan. Dit is ook hierdie Woord wat die Heilige Gees gebruik om lewe te wek, oftewel om te wederbaar. Dit is ook hierdie Woord wat ons lei in heiligmaking. Daarom, as jy in die rus wil ingaan – bestudeer die Woord, tydig en ontydig.

Maar, Jesus is ook die Hoëpriester van ons geloof. Wil jy verseker wees dat jy in God se rus sal ingaan? Hou dan vas aan die geloof in Jesus as die Hoëpriester. Hy is 'n groot Hoëpriester, want Hy is tegelyk mens en God – en dus die perfekte tussenganger tussen jou en God. Boonop het Hy reeds Sy volmaakte offer gebring en is reeds in die hemel op die troon aan God se regterhand. Is jy bekommerd dat Hy te verhewe is om Hom oor jou te ontferm? Onthou dan Hy is die simpatieke Hoëpriester wat weet hoe swak jy is en wat weet watter versoeking jy moet trotseer. Onthou Hy en jy is een. Onthou Hy is jou Leidsman wat die weg gebaan het vir jou om wel in die rus in te gaan. Hy sal jou nie nou vergeet nie. Wonder jy hoe jy toegang tot Hom het? Deur gebed. Deur gebed mag jy Sy genadetroon nader. Jy mag selfs met vrymoedigheid kom. Kom, en pleit by Hom om barmhartigheid vir alles wat jy al verkeerd gedoen het. Kom, en pleit by Hom vir genade vir elke situasie wat jy nog moet hanteer.

Dus: Bestudeer die Woord – gereeld. Bid – gereeld. Hou jou oog end-uit op Jesus – die Apostel en Hoëpriester van jou geloof. Dan sal jy die rus ingaan.